

Boekbesprekings/Book Reviews

Colin Murray. *Black Mountain. Land, class and power in the Eastern Orange Free State 1880's-1980's*. Witwatersrand University Press (vir die International Africa Institute), Johannesburg, 1992. xiv + 340pp., register, tabelle en illustrasies. ISBN 1 86814211 6.

Grondbesit is huidiglik een van die mees sensitiewe onderwerpe van bespreking terwyl Suid-Afrika 'n nuwe politieke en sosiale bedeling binnegaan. Vrae en probleme rondom eienaarskap, reg op grond, onteiening, verskuiwing, hervestiging, restitusie, en die herverdeling van grond is polities en emosioneel hoogs gelaaiete aangeleenthede.

Die boek van Colin Murray, *Black Mountain* - die Engelse naam vir Thaba Nchu - is juis 'n mikrostudie van grondbesit en die ingewikkelde kragte en prosesse wat dit oor 'n meer as 'n eeu lank in die distrik van Thaba Nchu, geleë teenaan Lesotho in die oostelike Vrystaat, bepaal het. Sedert die anneksasie van die voormalige Barolongstaat in 1884 deur die OVS en die verdeling daarvan in swart reservate, swart eiendomsgrond en die vervreemding van 'n gedeelte vir blanke boere, het die grondgebied van die swartes asook die besitters en bewoners daarvan, onder voortdurende druk van interne en eksterne kragte gekom. Teen 1970 was heelwat van die grond reeds in blanke besit en die grootste gedeelte van die oorblywende grondgebied het deel geword van die versnipperde Bophuthatswana-staat - niteenstaande die feit dat die oorgrote meerderheid van die bevolking Sesothosprekendes was. Terselfdertyd het daar, deur die ingryping van die RSA-regering, 'n groot nuwe swart woongebied, later bekend as Botshabelo, op die oorblywende swart gronde van Thaba Nchu ontstaan waar duisende swart grondloses onder haglike omstandighede hervestig is as potensiële pendelaar-arbeiders vir Bloemfontein en omgewing.

Murray gee 'n indringende analise, gebaseer op grondige navorsing en veldwerk, van die stryd om grondbesit en die vernaamste persoonlikhede en groepe wat daarby betrokke was. Op meesterlike wyse word die kragte van binne die swart gemeenskappe asook die drukfaktore van buite wat hulle houvas op die grond al hoe meer kwesbaar gemaak het, aangetoon. Die effek van grootskaalse onderverdeling; onproduktiewe gebruik van grond; die feit dat grondeienaars nie huurgelde van hulle mede swart "huurders" (meestal familie) kon vra nie;

oplopende skuldlaste en die uitwerking van die regering se segregasie/apartheidsbeleid - veral die optrede van die Suid-Afrikaanse Naturelle Trust - word alles noukeurig ondersoek. Temas soos deelsaaiery, arbeid, grondverhuring aan blankes; die uitwerking van grondloosheid op die swartes, verset asook die posisie van die mense onder die Bophuthatswana regering word ook aangeraak.

Die werk, is egter nie net 'n geskiedenis van die swartes in die gebied nie. Die blanke boere wat o.a. deur die toedoen van die staat in besit van die swartes se grond gekom het; hulle intriges om nog meer grond te bekom; hulle steun op die staat om hulle te stut teen die dreigende krisis van oplopende skulde en hulle ontnugtering toe die stut grootliks onttrek is, staan ook sentraal in die werk.

Black Mountain is 'n uitstekende werk - nie slegs a.g.v. die diepte van navorsing en hoogstaande intellektuele kwaliteit daarvan nie, maar ook omdat dit spreek van 'n fyn aanvoeling vir die mense waarvoor Murray skryf. Dit is nie 'n werk waarin die skrywer regter speel of andere probeer verguis nie, en wat ook nie in vaste ideologiese vertrekpunte verstrik raak nie. Dit is 'n besonder tydige boek, want hoewel ons hier met die klein wêreld van Thaba Nchu te make het, is die vraagstukke van hierdie distrik vandag uiters relevant vir die res van Suid-Afrika. Dit is ook 'n boek met veel meer reikwydte as die van Beinart, Delius, Guy, Keegan, Trapido en andere omdat dit die grondvraagstuk tot in die hede toe navors en die historiese gebeure in "volle" omvang blootlê. Soos die bg. outeurs het Murray 'n heel besondere bydrae tot die geskiedskrywing oor die Suid-Afrikaanse platteland gemaak.

H.J. van Aswegen
Randse Afrikaanse Universiteit

K. Schoeman (ed). *The British presence in the Transorange 1845-1954*. Human en Rousseau, Cape Town, 1992. 147 pp. ISBN 0798129654

This book is the thirteenth volume in the *Vrijstatia* series source publications. Like the foregoing twelve volumes this volume on the British presence in the Transorange 1845-1854 is a most readable one, also containing valuable archival material on early Free State history.